**Dinsdag 21 November**
**Skrifgedeelte: Psalm 78:1-8**
**Fokusgedeelte: Psalm 78:5-7**
**Vertel die volgende geslag ... sodat hulle God ken!**

Die Here het Asaf (versamelaar) gebruik om as profeet op te tree onder begeleiding van liere, harpe en simbale (1 Kron. 25:1). Hy het hom gelei en gebruik om met sy kinders te praat. Hy het hom deur sy Gees gelei om psalms te skryf vir die volk om te sing, psalms wat die Here se kerk vandag steeds sing. Psalms wat ons leer Wie die Here is.

Psalm 78 is een van hierdie psalms. Hier leer die Here ons hoe belangrik dit is om die volgende geslag te vertel Wie Hy is. Dit is die belangrikste ding wat jy ooit vir jou kind kan leer: Wie die Here is en wat Hy doen. Die Here red. Hy is getrou aan sy verbond. Hy leer ons hoe om in ’n verhouding met Hom te lewe. As ons weet Wie Hy is, as ons Hom waarlik ken, sal ons op Hom vertrou en gehoorsaam wees aan Hom.

Herinner jouself gedurig aan die Here se wonderdade – want ons vergeet dit so maklik en kyk net in die uitdagings in ons lewens vas. Die grootste wonderdaad wat God gedoen het, is dat Hy dit vir my en jou moontlik gemaak het om Hom in ’n ware verhouding te ken. Hy het Jesus Christus gestuur om mens te woord, om in ons plek te sterf vir ons sonde, om die dood te oorwin, sodat ons God waarlik in ’n ewige verhouding kan ken.

Ons kan nou met vreugde in ’n verhouding met God lewe waar Hy ons deur sy Gees lei om te volhard en op Hom te vertrou. Ons kan weet dat Hy ons nooit alleen los nie. Onthou God se roemryke dade. Onthou sy wonderdade. Vertel dit vir jou kinders. Vertel dit vir jou kleinkinders. Gesels daaroor met jou ouers. God gee ’n ewige verhouding met Hom in Jesus Christus.

Glo dit, vind jou troos daarin en vertel dit vir die volgende geslag!

*Sing: Skrifberyming 15 (16-1):1, 3, 7*

*Ds. GP (Gerhard) van Rhyn (Komatipoort)*